21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Hiskia se gebed

## Jesaja 38:10-20

*Die gebed van Hiskia wys dat God se liefde en sorg iets van ons vra. Dit toets die werklikheid van ons liefde in moeilike situasies en op onverwagse maniere. Dit daag ons uit om sake heelhartig in God se hande te los.*

*Hoop en 'n gebed vir herstel word bymekaar gehou deur 'n realistiese besef dat God altyd die beste weet.*

*Wanneer siekte so gesien word- deur die bril van gebed – kan dit tot 'n voller en sinvoller uitkyk op die lewe. (Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Hiskia se gebed

**Lees Jesaja 38: 1-3. Hoe reageer Hiskia op die boodskap van die Here dat hy gaan sterf?**

**Lees Jesaja 38: 9-12.Wat was Hiskia se houding toe hy die vooruitsig van 'n vroeë dood in die gesig gestaar het?**

**Lees Jesaja 38: 4-5.Hoe reageer die Here op die pleidooi van Hiskia?**

**Lees Jesaja 38: 16-17. Watter impak het hierdie byna-dood ervaring op Hiskia gehad?**

**Lees Jesaja 38: 18-20.Watter belofte maak hy vir die Here?**

**As gevolg van hierdie wonderlike antwoord op gebed, watter gesindheid het Hiskia se hart in besit geneem (lees Jesaja 39: 1-4) en wat was die gevolg daarvan? (lees Jesaja 39: 5-7)**